Hoe gemaak met onkruidbeheer in 'n wisselboustelsel met grondbone?

MARLENE VAN DER WALT en **ELBÉ HUGO,** LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

'n Breë spektrum van onkruide is gewoonlik teenwoordig in grondboonaanplantings, waarvan die intensiteit van voorkoms ook kan varieer. Onkruidspesies verskil in groeiprosesse en lewensiklusse, daarom is daar nie slegs een metode van onkruidbeheer wat effektiewe beheer vir alle onkruidspesies gaan verseker nie.

'n Geïntegreerde beheerprogram is dus die beste manier om onkruide suksesvol in grondbone te beheer. Dit sluit in die besluitneming van die tipe grondbewerking, voeding, kulitvarkeuse en bewerkingspraktyke (inter- en intra-ryspasiëring, plantdigthede en wisselbou) wat optimaal toegepas moet word vir suksesvolle grondboonproduksie.

Voor plant tot en met grondbreking (*cracking*) kan algehele onkruidbeheer toegepas word met 'n kontakonkruiddoder wat paraquat bevat, of 'n sistemiese onkruiddoder wat glifosaat bevat.

Die beste beheer sal verkry word indien 'n voor-opkomsonkruiddoder ingewerk of toegedien word voor of tydens plant (voor-opkomsonkruiddoders), opgevolg met na-opkomsonkruiddoders met 'n breëspektrumonkruiddoder.

'n Skoffelaksie vroeg in die seisoen kan tussen die bespuitings gedoen word om sodoende seisoenslange onkruidbeheer te verseker. Die beheer van breëblaaronkruide in 'n breëblaargewas bly egter steeds 'n uitdaging wat betref die keuse van onkruiddoder, tyd van toediening en moontlike gewasskade.

Onkruide wat gewoonlik hardnekkig is om te beheer in grondbone, is purperwinde (*Ipomoa pupurea*), wilde lusern (*Crotalaria sphaerocarpa*), geel en rooi uintjies (*Cyperus* spp.) en kweekgras (*Cynodon dactylon*).

Wanneer getalle van moeilik beheerbare onkruide erg toeneem van een seisoen tot 'n volgende seisoen, sal daar noodwendig meer op onkruiddoders staatgemaak word om onkruidgetalle te verlaag. In **Tabel 1** is gepoog om moontlike produkte wat geregistreer is vir die gebruik op grondbone en mielies te groepeer om bogenoemde onkruide te beheer.

1: Purperwinde.
2: Wilde lusern.
3: Geel uintjies.
4: Rooi uintjies.
5: Kweekgras.